

# NOVEEN OM DIE VOORSPRAAK VAN SINT LUIGI SCROSOPPI

**(MET TEKSTE UIT DIE BRIEWE VAN ST. LUIGI AAN SY DOGTERS, DIE SUSTERS VAN VOORSIENIGHEID)**

# INHOU


| | | |
|---|---|---|
| Dag I: | Voorsienigheid | Bl. 5 |
| Dag II: | Heiligheid | Bl. 6 |
| Dag III: | Gebed | Bl. 8 |
| Dag IV: | God se teenwoordigheid | Bl. 9 |
| Dag V: | Diensbaarheid | Bl. 11 |
| Dag VI: | Vreugde | Bl. 12 |
| Dag VII: | Gehoorsaamheid | Bl. 14 |
| Dag VIII: | Armoede | Bl. 15 |
| Dag IX: | Oorgawe | Bl. 17 |



© 2026 - Afrikaans Katoliek


Wolfweg 29, Oudtshoorn, 6620



www.afrikaanskatoliek.co.za

## Wat is 'n Noveen?

'n Noveen is gebedstyd! Die term noveen word afgelei van "novem", Latyn vir nege. In die Katolieke Kerk word 'n noveen gedefinieer as 'nege dae van private of openbare gebed en meditasie om spesiale genade van God, in antwoord op ons gebede en versoekinge, te verkry'.

In die Joods-Christelike tradisie word die getal agt beskou as 'n feestelike getal wat op 'n nuwe begin aandui, terwyl dit blyk dat die getal nege, dikwels met lyding verband hou. Op die tiende dag, Pinkster, het die Heilige Gees oor hulle gekom en is die Kerk gebore.

Die kern (en grondslag) van enige Noveen is te vinde in wat deur onse Here Jesus self bepaal is. "Hy het hulle beveel om nie uit Jerusalem weg te gaan nie, maar om te wag op die belofte van die Vader." (Handelinge 1:4) Ons doen wat Jesus gevra het en wanneer ons dus 'n Noveen bid, bid ons óf dieselfde gebed vir al nege dae óf volg 'n lys van gebede waarvoor elke dag gebid moet word. Elke noveen is 'n bietjie anders in die bedoeling, formulering van gebede en uitvoering. Besoek ons webblad vir meer omtrent Noveengebede, te:
https://afrikaanskatoliekgebede.godaddysites.com/novene

## Hoe om 'n Noveen te bid?

Al wat jy hoef te doen is om die daaglikse noveengebed(e) met 'n opregte hart te bid. Dit is nie nodig om elke dag op dieselfde tyd te bid nie (alhoewel jy kan), of om te vas, of om die Rosekrans bykomend tot die noveen te bid nie. U kan egter steeds al hierdie dinge doen behalwe om te bid, maar dit is nie nodig nie. Enige sogenaamde Noveen-gebed wat gewaarborgde resultate belowe en diegene wat hulself nie daaraan toewy nie indirek of direk dreig, is bloot 'n kettingbrief en moet geïgnoreer word.

# Laat U Wil geskied ...

Novene moet nie gesien word as magiese beswerings wat die gewenste resultate waarborg nie.

Dit is God wat in beheer is en die heelal bestier en beslis nie ons wat God beheer nie. God is nie 'n genie wat ons in 'n bottel kan druk nie.

God is wel die liefdevolle Hemelse Vader.  Dit beteken dat watter goeie bedoelings ons ook al mee of voor bid, ons moet aanvaar dat God weet wat die beste vir ons is, of ons nou sy goddelike bedoeling verstaan of nie.

## "Laat u wil geskied"

is die regte houding van alle Christelike gebed.

# DAG I

## VOORSIENIGHEID

### OPENINGSGEBED

R/ In die naam van die Vader, en van die Seun en van die Heilige Gees. Amen.

R/ Almagtige en ewige God, in die persoon van vader Luigi, het U aan die Kerk 'n getuienis van ware naasteliefde gegee, hy is beskermheilige van die armes en van diegene wat lyding verduur. Ons bid U: Gee dat ons, op sy voorspraak, sy lewe mag navolg en laat ons die vertroosting van sy beskerming en barmhartigheid ervaar. Deur Jesus Christus, onse Here. Amen.

DIE HERE KAN ALLES, EN AS HY IETS WIL, DAN SAL HY OOK DIE MIDDELE DAARVOOR VOORSIEN.

R/ *Ek glo in U, Vader, ek glo in u liefde;*
*en u hand, Vader, wat my op my weg begelei.*
*Ek glo in U, Vader, ek glo elke dag in U.*
*U is my hoop, slegs in U stel ek my vertroue.*
*U is my hoop, slegs in U stel ek my vertroue.*

LIEWE KINDERS, VERTROU OP DIE HERE, EN JULLE SAL DIE KRAG KRY OM HIERDIE KRUIS TE DRA EN EK WEET MAAR AL TE GOED HOE BAIE MOEILIK DIT IS.

R/ *Ek glo in U, Vader, ek glo in u liefde;*
*en u hand, Vader, wat my op my weg begelei.*
*Ek glo in U, Vader, ek glo elke dag in U.*
*U is my hoop, slegs in U stel ek my vertroue.*
*U is my hoop, slegs in U stel ek my vertroue.*

GEE JULLESELF GEHEEL EN AL OOR AAN JULLE GODDELIKE BRUIDEGOM, LAAT HOM TOE OM JULLE TE VERSORG. LAAT JULLE ENIGSTE BEKOMMERNIS WEES HOE OM JULLE PLIGTE EN TAKE NA DIE BESTE VAN JULLE VERMOËNS UIT TE VOER.

*R/ Ek glo in U, Vader, ek glo in u liefde;*
*en u hand, Vader, wat my op my weg begelei.*
*Ek glo in U, Vader, ek glo elke dag in U.*
*U is my hoop, slegs in U stel ek my vertroue.*
*U is my hoop, slegs in U stel ek my vertroue.*

## Voorspraak-Gebed

Almagtige en ewige God, u heilige Oratoriaanse priester, vader Luigi, het die groot Apostel van u Voorsienigheid geword omdat hy so onwrikbaar op u vertrou het. Op sy kragtige voorspraak bid ons U om u Voorsienigheid in ons eie lewens vir die volgende behoefte wat ons aan U opdra: Noem u versoeke hier … Vervolg met: Net soos die heilige Luigi vertrou ons nou hierdie behoefte aan U toe, in die vaste vertroue dat U ons nooit in die steek sal laat nie. Deur Jesus Christus, Onse Here. Amen.

## Bid nou vir die intensies van ons Heilige Vader, die Pous:

†Een Onse Vader-gebed;

†Een Wees Gegroet Maria-gebed;

†Een Eer aan die Vader-gebed.

*R/* In die naam van die Vader, en van die Seun en van die Heilige Gees. Amen.

# DAG II
# HEILIGHEID

## Openingsgebed

*R/* In die naam van die Vader, en van die Seun en van die Heilige Gees. Amen.

*R/* Almagtige en ewige God, in die persoon van vader Luigi, het U aan die Kerk 'n getuienis van ware naasteliefde gegee, hy is beskermheilige van die armes en van diegene wat lyding verduur.

Ons bid U: Gee dat ons, op sy voorspraak, sy lewe mag navolg en laat ons die vertroosting van sy beskerming en barmhartigheid ervaar. Deur Jesus Christus, onse Here. Amen.

DIE HERE SAL JULLE BYSTAAN IN ALLES WAT JULLE DOEN. SO KAN ELKE AKSIE DEEL WEES VAN DIE HEILIGING VAN JUL LEWENS.

R/ *God is die grond waarop ek staan,*
*God is my tuiste, God is my erfdeel in ewigheid.*

LIEWE KINDERS, LAAT ONS DIE HERE AANBID IN ALLES WAT HY TOELAAT OM IN ONS LEWENS TE GEBEUR, SO SAL HY VAN ONS GROOT HEILIGES KAN MAAK.

R/ *God is die grond waarop ek staan,*
*God is my tuiste, God is my erfdeel in ewigheid.*

DAT ONS ELKE DAG MAG GROEI IN DEUGSAAMHEID, SODAT DIT ONS GELYKVORMIG AAN HOM MAG MAAK, DEUR DAG VIR DAG TE LEEF IN DIE TUIN VAN DIE LAM VAN GOD. HOEVEEL MEER KAN EK HOM IN DIE WÊRELD DANK DEUR HOM AS DIE HEILIGE RAAK TE SIEN, EN DAARNA TE STREWE OM SELF HEILIG TE WORD SODAT EK EENDAG IN DIE PARADYS ONDER DIE HEILIGES VAN GOD GEREKEN MAG WORD.

R/ *God is die grond waarop ek staan,*
*God is my tuiste, God is my erfdeel in ewigheid.*

'N SIEL WAT VIR GOD LIEFHET, VERLANG NIKS MEER AS OM VIR HOM OPGEOFFER TE KAN WORD NIE. ELKE SEERKRY KAN SO DIERBAAR WORD. DIE HERE WIL NET DIE BESTE VIR ONS HÊ, DIE HERE WIL HOMSELF GEHEEL EN AL AAN ONS GEE, HY WIL ONS HEILIG MAAK. LAAT ONS DAN SELF ONS LEWENS HEILIG DEUR ELKE SITUASIE WAARIN ONS ONSELF BEVIND IN NEDERIGHEID, GEHOORSAAMHEID, GEDULD EN NAASTELIEFDE TE AANVAAR. KOM ONS VERVUL DUS ONS TAKE MET ALLES WAT ONS HET, SONDER OM IETS IN SELFSUG TERUG TE HOU, LAAT ONS GEHOORSAAM WEES IN ALLES WAT VAN ONS GEVRA WORD.

R/ *God is die grond waarop ek staan,*
*God is my tuiste, God is my erfdeel in ewigheid.*

## Voorspraak-Gebed

Almagtige en ewige God, u heilige Oratoriaanse priester, vader Luigi, het die groot Apostel van u Voorsienigheid geword omdat hy so onwrikbaar op u vertrou het. Op sy kragtige voorspraak bid ons U om u Voorsienigheid in ons eie lewens vir die volgende behoefte wat ons aan U opdra: NOEM U VERSOEKE HIER ... VERVOLG MET: Net soos die heilige Luigi vertrou ons nou hierdie behoefte aan U toe, in die vaste vertroue dat U ons nooit in die steek sal laat nie. Deur Jesus Christus, Onse Here. Amen.

## Bid nou vir die intensies van ons heilige Vader, die Pous:

†Een Onse Vader-gebed;

†Een Wees Gegroet Maria-gebed;

†Een Eer aan die Vader-gebed.

*R/* In die naam van die Vader, en van die Seun en van die Heilige Gees. Amen.

# DAG III
# GEBED

## Openingsgebed

*R/* In die naam van die Vader, en van die Seun en van die Heilige Gees. Amen.

*R/* Almagtige en ewige God, in die persoon van vader Luigi, het U aan die Kerk 'n getuienis van ware naasteliefde gegee, hy is beskermheilige van die armes en van diegene wat lyding verduur. Ons bid U: Gee dat ons, op sy voorspraak, sy lewe mag navolg en laat ons die vertroosting van sy beskerming en barmhartigheid ervaar. Deur Jesus Christus, onse Here. Amen.

LAAT GEBED JULLE ERNS WEES, BID BAIE, LAAT GEBED JULLE DAE VUL, SODAT DIE PLAN WAT GOD MET JULLE LEWE HET, TOT VERVULLING KAN KOM.

*R/ Mag die gebed van u heilige volk soos wierook voor U opstyg.*

BID UIT LIEFDE VIR DIÉ SAAK WAT AAN 'N MENS SE HART LÊ, WAARVAN JULLE NOG NIE DIE EINDE KAN RAAKSIEN NIE.

R/ *Mag die gebed van u heilige volk soos wierook voor U opstyg.*

BID OM DIE LIG TE KRY, OM DIE WIL VAN DIE HERE BETER TE LEER KEN.

R/ *Mag die gebed van u heilige volk soos wierook voor U opstyg.*

BID VIR MY, EN EK SAL JULLE ELKE DAG BY DIE ALTAAR OPDRA.

R/ *Mag die gebed van u heilige volk soos wierook voor U opstyg.*

BID, WANT DIE HERE HOU DAARVAN OM ONS DIÉ GEESTELIKE KRAGTE TE GEE, WAT VERHOED DAT DIE KWADE WAT ONS ONDERDRUK, DIE OORHAND KRY.

R/ *Mag die gebed van u heilige volk soos wierook voor U opstyg.*

## Voorspraak-Gebed

Almagtige en ewige God, u heilige Oratoriaanse priester, vader Luigi, het die groot Apostel van u Voorsienigheid geword omdat hy so onwrikbaar op u vertrou het. Op sy kragtige voorspraak bid ons U om u Voorsienigheid in ons eie lewens vir die volgende behoefte wat ons aan U opdra: Noem u versoeke hier ... Vervolg met: Net soos die heilige Luigi vertrou ons nou hierdie behoefte aan U toe, in die vaste vertroue dat U ons nooit in die steek sal laat nie. Deur Jesus Christus, Onse Here. Amen.

## Bid nou vir die intensies van ons Heilige Vader, die Pous:

†Een Onse Vader-gebed;

†Een Wees Gegroet Maria-gebed;

†Een Eer aan die Vader-gebed.

*R/* In die naam van die Vader, en van die Seun en van die Heilige Gees. Amen.

# DAG IV
# GOD SE TEENWOORDIGHEID

## Openingsgebed

R/ In die naam van die Vader, en van die Seun en van die Heilige Gees. Amen.

R/ Almagtige en ewige God, in die persoon van vader Luigi, het U aan die Kerk 'n getuienis van ware naasteliefde gegee, hy is beskermheilige van die armes en van diegene wat lyding verduur. Ons bid U: Gee dat ons, op sy voorspraak, sy lewe mag navolg en laat ons die vertroosting van sy beskerming en barmhartigheid ervaar. Deur Jesus Christus, onse Here. Amen.

MAAK SEKER DAT JULLE ALTYD BEWUS IS VAN GOD SE NABYHEID, HANDEL ELKE TAAK SO AF ASOF HY LIGGAAMLIK TEENWOORDIG IS EN DIT 'N TAAK IS WAT VIR HOM DIERBAAR IS. KOM, ONS ROEP SY NAAM AAN IN AL ONS NODE, EN DAN SAL ALLES WAT JULLE TE DOEN STAAN MAKLIK WEES, DAN SAL ALLES VIR JULLE 'N VERTROOSTING EN 'N VERDIENSTE WEES.

R/ *In elke teken van liefde is U by ons, Heer.*

HOU ALTYD JULLE OË OP JESUS GERIG, EN DOEN ALLES OM HOM TE BEHAAG. MAG JULLE HOM DIEN IN HEILIGE VROLIKHEID EN MAG JULLE ONMIDDELLIK BEREID WEES OM DIT WAT VAN JULLE VERLANG WORD UIT TE VOER.

R/ *In elke teken van liefde is U by ons, Heer.*

WY JULLESELF TOE AAN DIE HEILIGE FAMILIE, EN JULLE SAL IN ALLES SPESIALE BYSTAND VIND, ASOOK DIE LIG WAT NODIG IS OM JULLE OP DIE GOEIE WEG TE LEI. WEES IN ALLES EN BY ELKE ONTMOETING NEDERIG, LIEFDEVOL EN SAGMOEDIG EN ALLES SAL DAN GOED GAAN MET JULLE. WEES ALTYD BEWUS VAN JULLE GODDELIKE BRUIDEGOM SE TEENWOORDIGHEID, EN VOLG HOM GETROU IN DEUGSAAMHEID, SODAT DIE BRUID SOOS HAAR BRUIDEGOM SAL LYK, EN BO ALLE TEENSPOED UIT DIE OORWINNINGSLIED MAG SING.

R/ *In elke teken van liefde is U by ons, Heer.*

## Voorspraak-Gebed

Almagtige en ewige God, u heilige Oratoriaanse priester, vader Luigi, het die groot Apostel van u Voorsienigheid geword omdat hy so onwrikbaar op u vertrou het. Op sy kragtige voorspraak bid ons U

om u Voorsienigheid in ons eie lewens vir die volgende behoefte wat ons aan U opdra: NOEM U VERSOEKE HIER ... VERVOLG MET: Net soos die heilige Luigi vertrou ons nou hierdie behoefte aan U toe, in die vaste vertroue dat U ons nooit in die steek sal laat nie. Deur Jesus Christus, Onse Here. Amen.

BID NOU VIR DIE INTENSIES VAN ONS HEILIGE VADER, DIE POUS:

†Een ONSE VADER-GEBED;

†Een WEES GEGROET MARIA-GEBED;

†Een EER AAN DIE VADER-GEBED.

R/ In die naam van die Vader, en van die Seun en van die Heilige Gees. Amen.

# DAG V
# DIENSBAARHEID

## OPENINGSGEBED

R/ In die naam van die Vader, en van die Seun en van die Heilige Gees. Amen.

R/ Almagtige en ewige God, in die persoon van vader Luigi, het U aan die Kerk 'n getuienis van ware naasteliefde gegee, hy is beskermheilige van die armes en van diegene wat lyding verduur. Ons bid U: Gee dat ons, op sy voorspraak, sy lewe mag navolg en laat ons die vertroosting van sy beskerming en barmhartigheid ervaar. Deur Jesus Christus, onse Here. Amen.

WEES ALTYD GRETIG OM JOU GODDELIKE BRUIDEGOM TE DIEN IN DIE PERSOON WAT SIEK IS, EN JY SAL 'N VOORSMAAK VAN DIE PARADYS HÊ.

R/ *O liefde van Christus,*
*ontvlam die hart, wat jou verteer in werke van liefde.*

WEES MOEDIG, SIEN DIE BEHOEFTES VAN DIE SIEKES RAAK, EN DIE HULP VAN "SUSTER VOORSIENIGHEID" SAL NIE UITBLY NIE. DIE HERE SAL JOU VERGOED.

R/ *O liefde van Christus,*
*ontvlam die hart, wat jou verteer in werke van liefde.*

JA, GELIEFDE KINDERS, DRA SORG VIR HIERDIE JONGMEISIES WAT JULLE GODDELIKE BRUIDEGOM AAN JULLE TOEVERTROU HET, BEWAAR HULLE SOOS DIE APPEL VAN JULLE OOG. LAAT DIT VIR JULLE 'N VERTROOSTING WEES OM BY HULLE TE KAN WEES, EN NIKS SAL JULLE VERHINDER OM HULLE DIE NODIGE LESSE TE GEE NIE.

*R/ O liefde van Christus,*
*ontvlam die hart, wat jou verteer in werke van liefde.*

## Voorspraak-Gebed

Almagtige en ewige God, u heilige Oratoriaanse priester, vader Luigi, het die groot Apostel van u Voorsienigheid geword omdat hy so onwrikbaar op u vertrou het. Op sy kragtige voorspraak bid ons U om u Voorsienigheid in ons eie lewens vir die volgende behoefte wat ons aan U opdra: NOEM U VERSOEKE HIER ... VERVOLG MET: Net soos die heilige Luigi vertrou ons nou hierdie behoefte aan U toe, in die vaste vertroue dat U ons nooit in die steek sal laat nie. Deur Jesus Christus, Onse Here. Amen.

## Bid nou vir die intensies van ons heilige vader, die pous:

†Een ONSE VADER-GEBED;
†Een WEES GEGROET MARIA-GEBED;
†Een EER AAN DIE VADER-GEBED.

R/ In die naam van die Vader, en van die Seun en van die Heilige Gees. Amen.

# DAG VI
# VREUGDE

## Openingsgebed

R/ In die naam van die Vader, en van die Seun en van die Heilige Gees. Amen.

R/ Almagtige en ewige God, in die persoon van vader Luigi, het U aan die Kerk 'n getuienis van ware naasteliefde gegee, hy is beskermheilige van die armes en van diegene wat lyding verduur. Ons bid U: Gee dat ons, op sy voorspraak, sy lewe mag navolg en laat ons die vertroosting van sy beskerming en barmhartigheid ervaar. Deur Jesus Christus, onse Here. Amen.

WEES ALTYD GEREED OM JULLE WERK TE DOEN, MOET JULLESELF NIE GERING AG NIE, EN WERK MET HEILIGE VREUGDE IN ALLES WAT JULLE DOEN.

R/ *Ek sal U volg op die weg van die vreugde, en u lig sal ons lei.*

HULLE EN OOK MY DOGTERS SAL BLY WEES IN DIE HERE. DIT MAG EK HOOP, EN MET HIERDIE HOOP VERTROOS EK MYSELF.

R/ *Ek sal U volg op die weg van die vreugde, en u lig sal ons lei.*

WEES ALTYD VRIENDELIK EN OPGERUIMD TEENOOR JULLE KINDERS, EN OP DIE MANIER SAL JULLE HUL HARTE ONTVANKLIK VIND, SO SAL JULLE HUL NOOD KAN RAAKSIEN EN DIE REGTE WOORDE VIND OM HULLE BY TE STAAN.

R/ *Ek sal U volg op die weg van die vreugde, en u lig sal ons lei.*

EK LAAT JULLE NOU AGTER EN EK DRUK JULLE DIT OP DIE HART, BLY ALTYD IN DIE HERE. WY JULLE SELF MET GROOT YWER DAARAAN TOE OM HIERDIE HEILIGE REËL NA TE KOM, WANT DAARDEUR SAL DIE HERE JULLE HEILIG MAAK.

R/ *Ek sal U volg op die weg van die vreugde, en u lig sal ons lei.*

## Voorspraak-Gebed

Almagtige en ewige God, u heilige Oratoriaanse priester, vader Luigi, het die groot Apostel van u Voorsienigheid geword omdat hy so onwrikbaar op u vertrou het. Op sy kragtige voorspraak bid ons U om u Voorsienigheid in ons eie lewens vir die volgende behoefte wat ons aan U opdra: NOEM U VERSOEKE HIER … VERVOLG MET: Net soos die heilige Luigi vertrou ons nou hierdie behoefte aan U toe, in die vaste vertroue dat U ons nooit in die steek sal laat nie. Deur Jesus Christus, Onse Here. Amen.

## Bid nou vir die intensies van ons heilige Vader, die Pous:

†Een ONSE VADER-GEBED;

†Een WEES GEGROET MARIA-GEBED;

†Een EER AAN DIE VADER-GEBED.

R/ In die naam van die Vader, en van die Seun en van die Heilige Gees. Amen.

# DAG VII
# GEHOORSAAMHEID

## OPENINGSGEBED

R/ In die naam van die Vader, en van die Seun en van die Heilige Gees. Amen.

R/ Almagtige en ewige God, in die persoon van vader Luigi, het U aan die Kerk 'n getuienis van ware naasteliefde gegee, hy is beskermheilige van die armes en van diegene wat lyding verduur. Ons bid U: Gee dat ons, op sy voorspraak, sy lewe mag navolg en laat ons die vertroosting van sy beskerming en barmhartigheid ervaar. Deur Jesus Christus, onse Here. Amen.

MET DIE HULP VAN JULLE GODDELIKE BRUIDEGOM SAL DAAR GEEN SAAK WEES WAT JULLE NIE SAL KAN DRA NIE, MOET DUS NIE TOELAAT DAT MOEILIKHEDE JULLE SO OORWELDIG DAT JULLE NIE IN GEHOORSAAMHEID KAN LEWE NIE.

R/ *Kyk na my, kyk na my, Here, ek kom.*
*Kyk na my, kyk na my, dat in my u Wil sal geskied.*

DOEN MET MY HERE, WAT U WIL, DAT EK NOOIT 'N ANDER VRAAG MAG STEL AS DIÉ NIE: "LAAT U WIL GESKIED."

R/ *Kyk na my, kyk na my, Here, ek kom.*
*Kyk na my, kyk na my, dat in my u Wil sal geskied.*

GELIEFDE KINDERS, TE MIDDE VAN AL DIE BAIE DINGE WAARMEE JULLE BESIG IS, MOET JULLE NOOIT DINK DAT JULLE ALLEEN IS NIE. JULLE GODDELIKE BRUIDEGOM IS ALTYD BY JULLE EN WANNEER JULLE IETS DOEN TREE JULLE NAMENS HOM OP. MOET DUS NOOIT DINK DAT JULLE NIE OPGEWASSE SAL WEES VIR DIÉ SENDING WAT AAN JULLE TOEVERTROU IS NIE, VERTROU IN SY GODDELIKE VOORSIENIGHEID.

R/ *Kyk na my, kyk na my, Here, ek kom.*
*Kyk na my, kyk na my, dat in my u Wil sal geskied.*

DIE GOD WAT GOEDHEID SELF IS, VERVUL MY, EN EK SAL VERTROOS WORD DEUR JULLE TE SIEN AS VOORBEELDE VAN WARE BRUIDE VAN JESUS, VERSIER MET AL DIE DEUGDES WAT HOM SO DIERBAAR IS, DIE NEDERIGDHEID, LIEFDE, GEHOORSAAMHEID EN DIE VOLMAAKTE ONDERDANIGHEID AAN GOD SE WIL IN ELKE SAAK.

*R/ Kyk na my, kyk na my, Here, ek kom.*
*Kyk na my, kyk na my, dat in my u Wil sal geskied.*

## Voorspraak-Gebed

Almagtige en ewige God, u heilige Oratoriaanse priester, vader Luigi, het die groot Apostel van u Voorsienigheid geword omdat hy so onwrikbaar op u vertrou het. Op sy kragtige voorspraak bid ons U om u Voorsienigheid in ons eie lewens vir die volgende behoefte wat ons aan U opdra: Noem u versoeke hier ... Vervolg met: Net soos die heilige Luigi vertrou ons nou hierdie behoefte aan U toe, in die vaste vertroue dat U ons nooit in die steek sal laat nie. Deur Jesus Christus, Onse Here. Amen.

## Bid nou vir die intensies van ons heilige Vader, die Pous:

†Een Onse Vader-gebed;
†Een Wees Gegroet Maria-gebed;
†Een Eer aan die Vader-gebed.

R/ In die naam van die Vader, en van die Seun en van die Heilige Gees.  Amen.

# DAG VIII
# ARMOEDE

## Openingsgebed

R/ In die naam van die Vader, en van die Seun en van die Heilige Gees.  Amen.

R/ Almagtige en ewige God, in die persoon van vader Luigi, het U aan die Kerk 'n getuienis van ware naasteliefde gegee, hy is beskermheilige van die armes en van diegene wat lyding verduur. Ons bid U: Gee dat ons, op sy voorspraak, sy lewe mag navolg en laat ons die vertroosting van sy beskerming en barmhartigheid ervaar. Deur Jesus Christus, onse Here. Amen.

SOOS EK IN MY BRIEF VERTEL HET, IS DIE TWEE KAMERS WAT TOT MY BESKIKKING GESTEL IS TEN VOLLE GEMEUBILEERD. DAARBY BEHOORT NOG AL DIE BOEKE EN SELFS KLERE IN DIE PIA CASA. KYK NOU NET HOE MY VERTROUE IN DIE GODDELIKE VOORSIENIGHEID GEREGVERDIG IS, WANT SELFS DIE MEES ARMSALIGE WORD DEUR HOM BEKLEE.

*R/ As iemand van die wêreld se goed besit*
*en sy hart sluit vir die ander in nood,*
*hoe sou hy dan die liefde van Christus in hom kan bewaar.*

DIT IS NOODSAAKLIK OM ONSSELF VRYWILLIG OP TE OFFER VIR DIE HEILIGING VAN DIE SIELE. LAAT ONS DAN AFSTAND DOEN VAN ONS GEMAKSUG, EN IN ANTWOORD OP ONS ROEPING ONSSELF VRYWILLIG OPOFFER. DIT DOEN ONS TER WILLE VAN DIE GLORIE VAN GOD EN DIE HEILIGING VAN SIELE.

*R/ As iemand van die wêreld se goed besit*
*en sy hart sluit vir die ander in nood,*
*hoe sou hy dan die liefde van Christus in hom kan bewaar.*

## Voorspraak-Gebed

Almagtige en ewige God, u heilige Oratoriaanse priester, vader Luigi, het die groot Apostel van u Voorsienigheid geword omdat hy so onwrikbaar op u vertrou het. Op sy kragtige voorspraak bid ons U om u Voorsienigheid in ons eie lewens vir die volgende behoefte wat ons aan U opdra: Noem u versoeke hier ... Vervolg met: Net soos die heilige Luigi vertrou ons nou hierdie behoefte aan U toe, in die vaste vertroue dat U ons nooit in die steek sal laat nie. Deur Jesus Christus, Onse Here. Amen.

## Bid nou vir die intensies van ons Heilige Vader, die Pous:

†Een Onse Vader-gebed;
†Een Wees Gegroet Maria-gebed;
†Een Eer aan die Vader-gebed.

R/ In die naam van die Vader, en van die Seun en van die Heilige Gees. Amen.

# DAG IX
# OORGAWE

## Openingsgebed

R/ In die naam van die Vader, en van die Seun en van die Heilige Gees. Amen.

R/ Almagtige en ewige God, in die persoon van vader Luigi, het U aan die Kerk 'n getuienis van ware naasteliefde gegee, hy is beskermheilige van die armes en van diegene wat lyding verduur. Ons bid U: Gee dat ons, op sy voorspraak, sy lewe mag navolg en laat ons die vertroosting van sy beskerming en barmhartigheid ervaar. Deur Jesus Christus, onse Here. Amen.

LAAT ONS ALTYD ÉÉN WEES MET ONS GOEIE GOD, EN DAN SAL ONS ALTYD EN OP ELKE PLEK EN IN ALLE OMSTANDIGHEDE TEVREDE WEES.

R/ *Ek weet in wie ek my vertroue geplaas het,*
*ek is seker van sy liefde.*
*Hy sal sorg dra vir my totdat Hy weer kom.*

MOENIE VERONTRUS WEES AS JY SIEN DAT JOU GEES ONTMOEDIG RAAK OF IN DUISTERNIS VERKEER NIE. KYK DAN NA DIE ALLERHEILIGSTE HART VAN JOU GODDELIKE BRUIDEGOM JESUS, WAT GEOPEN, JOU UITNOOI OM IN TE KOM, EN DAAR SAL JY LIG EN HEMELSE VERTROOSTING VIND.

R/ *Ek weet in wie ek my vertroue geplaas het,*
*ek is seker van sy liefde.*
*Hy sal sorg dra vir my totdat Hy weer kom.*

DIE HEER STAAN ALLES TOE OM VOORDEEL TE PUT UIT SOWEL DIE SLEGTE AS DIE GOEIE: GEDULD, EN GROOT VERTROUE IN GOD. HY SAL NOOIT, DIÉ WAT IN HOM HUL VERTROUE GESTEL HET, IN DIE STEEK LAAT NIE.

R/ *Ek weet in wie ek my vertroue geplaas het,*
*ek is seker van sy liefde.*
*Hy sal sorg dra vir my totdat Hy weer kom.*

AS WERKTUIE WERP ONS ONSSELF IN DIE HANDE VAN DIE GODDELIKE VOORSIENIGHEID, HY WAT ONS IN DIENS VAN HOM SELFS BO-KANT ONS SWAKHEDE EN MENSLIKE MOONTLIKHEDE LAAT UITSTYG. LAAT ONS

ALTYD ONS EIE DOOD IN GEDAGTE HOU EN LAAT ONS ALTYD OMSIEN NA HULLE WAT NIE IN STAAT IS OM DIE GOEIE TE DOEN NIE.

R/ *Ek weet in wie ek my vertroue geplaas het,*
*ek is seker van sy liefde.*
*Hy sal sorg dra vir my totdat Hy weer kom.*

## VOORSPRAAK-GEBED

Almagtige en ewige God, u heilige Oratoriaanse priester, vader Luigi, het die groot Apostel van u Voorsienigheid geword omdat hy so onwrikbaar op u vertrou het. Op sy kragtige voorspraak bid ons U om u Voorsienigheid in ons eie lewens vir die volgende behoefte wat ons aan U opdra: NOEM U VERSOEKE HIER ... VERVOLG MET: Net soos die heilige Luigi vertrou ons nou hierdie behoefte aan U toe, in die vaste vertroue dat U ons nooit in die steek sal laat nie. Deur Jesus Christus, Onse Here. Amen.

## BID NOU VIR DIE INTENSIES VAN ONS HEILIGE VADER, DIE POUS:

†Een ONSE VADER-GEBED;
†Een WEES GEGROET MARIA-GEBED;
†Een EER AAN DIE VADER-GEBED.

R/ In die naam van die Vader, en van die Seun en van die Heilige Gees. Amen.